J( ɔn Claassen Broers
(EDMS.) BPK.
Kerkstraat 100
POTCHEFSTROOM

MANS-, SPORT- en KINDERUITRUSTERS

25ste Intervarsity — Tweede uitgawe

# die WAPAD

Amptelike Studentekoerant van die P.U. vir C.H.O.

DIE OU MUTUAL
bied u die
beste in
Lewensversekering
SAM 1365

JAARGANG XX | SATERDAG 21 AUGUSTUS 1965 | NR. 9/10

*Kwarteeu-Intervarsity-verrassing:*

# PUKKE SPEEL GELYKOP TEEN U.K.O.V.S.

**DIE Puk se eerste rugbyspan het vanmiddag op Olënpark amper amok gemaak toe hulle gelykop gespeel het teen die sterk span van Ukovs. Die eindtelling was nege punte elk.**

**In een van die spannendste wedstryde in jare het die spel van die een kant na die ander kant van die veld beweeg sonder dat die Pukke, wat soos een man saamgespeel het, ooit finaal kon deurbreek.**

Die voorspelers van die Puk het 'n reuse aandeel gehad in die afdwinging van 'n gelykop uitslag. In die lynstane het hulle die botoon gevoer en hulle goed van hulle taak gekwyt in die skrums teen die veel swaarder Ukovs-span.

### BARSHOU

Onder die Vrystaters se voorspelers het veteraan Kalie Strydom 'n barshou gespeel en was hy 'n toring van krag vir sy span.

Die Kovsies-agterlyn met Koot van Tonder, bekende Vrystaatse en oud-Transvaalse speler, het deurgaans gevaarlik gelyk maar kon nie deur die rotsvaste verdediging van die Pukke dring nie.

D. Coetzee, linkervleuel van die Kovsies het 'n pragdrie behaal toe hy met sy groot gewig en geweldige vaart etlike Pukke geklop het om naby die pale vir 'n drie oor te gaan. David Gray kon nie vervyf nie.

Die manne van anderkant die Vaal se ander punte het van die skoen van David Gray gekom wat twee goeie strafskoppe behaal het.

Die knapste stukkie werk aan die Puk se kant het gekom nadat Leon de Bruyn 'n los bal opgeraap het. Dit het uitgeloop op 'n drie deur Kobie van der Walt naby die hoekvlag.

Uitblinkers onder die Pukspan is moeilik om uit te sonder, maar Leon de Bruyn en Gawie Yssel het met hulle losvoorspelerspel die Kovsies gryshare besorg. Ander Pukke wat miskien uitgesonder kan word is Dave Tromp, Kobie van der Walt, Bertie Fourie en Koos du Plooy. Die span het egter as 'n geheel saamgespeel en hulle goeie vertoning moet daaraan toegeskryf word.

## Wapad bedank drukkers

**Die Redaksie van Die Wapad wil die eienaar en personeel van Enslins—Die Drukkers van Potchefstroom, hartlik bedank dat hulle weg oopgesien het om die uitgawe van Die Wapad moontlik te maak.**



„Net om te wys dat ons nie vir mekaar kwaad is nie!" Mej. Cecilia Schutte en Theo Vorster, hoofdame en dirigent van die P.U., klink glasies met mej. Rosmé Bothma en Hans Venter, hoofdame en rasieleier van die Kovsies.

## Sokkerspanne weeg goed op teen mekaar in eerste Intervarsity

Die eerste sokker-intervarsity tussen die Kovsies en die Pukkies het vanoggend baie interessant verloop. Die P.U. se eerstespan het naelskraap met twee doele teenoor een verloor.

Dit was egter duidelik dat die Kovsies, met goeie potensiële spelers, die sterkste span was.

Die tweede en derde spanne het egter beide die besoekers kafgedraf.

Die P.U. se eerstespan het baie lewendig begin en dwarsdeur die wedstryd die patroon gehandhaaf. Die besoekers se kaptein, Barker en Alan Corrigan het uitgeblink. A. Moll en H. Oosthuizen het elk vir die Kovsies doele aangeteken. Nap Louw het die Puk se enigste doel behaal. Chris Coetzer het vir die tuisspan uitstekend verdedig.

Die P.U. se derdespan het 1-0 gewen en hier het veral Giep van Eck en Gibbs uitgeblink. Die Potchefstroomers se tweedespan het ook 1-0 gewen.

## Foto's geneem vir Wapad

**Die Redaksie van die Wapad wil langs hierdie weg ook sy hartlike dank teenoor Richard Ingram uitspreek wat die foto's vir die uitgawe geneem het.**

**Hoofredakteur.—D.W.**

## Jong Vrystaters klop die Pukkies met harde en aanskoulike rugby


**In 'n lewendige wedstryd het die Kovsies se gedugte onder-twintig -rugbyspannetjie vanmiddag op Olënpark daarin geslaag om die Pukke met 20-9 te klop.**

Alle eer kom die besoekers toe. Hulle het elke fout wat die Pukkies begaan het, baie deeglik uitgebuit. Die jongspan het eenvoudig die hele veld volgespeel en die tuisspan nie 'n „kat" se kans gegun nie.

### VASGEVAT


Hoewel die Pukkies vroeg in die eerste helfte goed vertoon het en na 'n volle agterlynbeweging vir Roets oorgestuur het om die eerste punte aan te teken, het die Vrystaters hulle deeglik vasgevat en self ook punte aangeteken. M. Vorster het die Kovsies se eerste drie gedruk.

Na rustyd het die besoekers getoon dat hulle die meesters is. Dit is moeilik om manne uit te sonder omdat die span as geheel baie goed vertoon het. Spelers soos M. Brink, G. Botha en J. Bredenkamp was onder die uitblinkers in die Kovsiespan.



Hierdie drie Pukke het alle rede om te glimlag . . al is dit nou net 'n halwe glimlag vir hulle span se gelykop uitslag teen die „verwoesters" van hulle hare.

Die
Internasionale
Paspoort
tot Rookgenot




Vervaardig in Suid-Afrika. Ook in Amerika. Toronto, Londen, Amsterdam, Dublin. Berlyn. Sydney, Auckland en Salisbury.
PS248

**SANLAM**
*vir Beskerming*

**TX MODISTE**
(Bentie Edms. Bpk.)
Eksklusiewe Damesalon
Kerkstraat 183 Tel. 4856

**AJAX**
Boeke en Skryfbehoeftes
(Edms.) Bpk.
Tel. 6175 — Posbus 43
Kerkst. 159, Potchefstroom

Ruikers vir alle
geleenthede
**BOUQUET**
BLOEMISTE
Johan Dreyer-gebou
Tel. 6575
POTCHEFSTROOM

U koop graag
**VEKA**
Daarom koop u by die enigste VEKA-uitrusters in die dorp . . .
Pan Coetzee
**Mans- en Sportuitrusters**

**MOOIRIVIER APTEEK**
Kerkstraat 205 Tel. 6341
Agente vir:
„Helena Rubenstein"
-Skoonheidsmiddels

**Paradise Restaurant**
Die plek met
SNOEKERTAFELS
Tomstraat 86 Tel. 5474

**GROSVENOR**
EN
**GOUGH MOTORS**
GEMAGTIGDE
—FORDHANDELAARS—
ANGLIA — CORTINA — CORSAIR — ZEPHYR — ZODIAC — FAIRLANE en GALAXIE
Asook:
**Vespa**
en
**Lambretta**
BROMPONIES

**die WAPAD**

SATERDAG 21 AUGUSTUS 1965

# En toe gebeur dit . . . amper!!

GEEN Puk sal ontken dat hy nie in sy hart so half en half gehoop het dat die Puk se eerstespan dit tog gaan regkry nie— selfs die grootste pessimiste het darem nog so hier en daar 'n vonkie hoop gehad.

Die gelykop uitslag het egter vir die meeste as 'n groot verrassing gekom ...... en beslis ook vir die Vrystaters!!!

Ons hartlike gelukwensе aan die Pukke wat begeesterd gespeel het en sodoende bewys het dat die P.U. se rugby nog lank nie 'n laagwatermerk bereik het nie.

Aan die Kovsies, wat as gunstelinge na Potchefstroom gekom het, ons gelukwense vir die wyse waarop hulle die spel gespeel het om so 'n belangrike bydrae te lewer tot hierdie groot jaarlikse gebeurtenis tussen die twee universiteite.

Die Puk se span is nog jonk en die eerste skof van die eeu van Intervarsities tussen die Puk en Ukovs is maar pas agter die rug. Met die nodige ondersteuning van die Pukke en met die wil om te speel soos alleen studente kan speel, behoort hulle volgende jaar 'n nuwe kwarteeu op 'n nog hoër noot te begin.

Aan al die ander spanne wat in die verskillende sportsoorte gewen het, ons gelukwense. Die Katmanne het soos in die verlede hier gemengde sukses behaal en kon die Pukke darem sê dat hulle ook op 'n paar ander gebiede die Kovsies oor was. Sekere dagblaaie beweer mos nou juis dat Rugby nie meer Suid-Afrika se nasionale spel is nie ...... dit kan nog glo enigiets van krieket, gholf tot swem wees.

Die Wapad wens die Vrystaters 'n aangename terugreis toe, en kan hulle verseker dat die Pukke hulle tande vir volgende jaar se botsing sal slyp.

# Hegter vriendskapsbande gesmee, sê organiseerder

**„Die Intervarsity van 1965 is iets van die verlede. Aan almal wat deelgeneem het ons hartlike dank vir die sportmangees waarin u dit gedoen het. Nuwe en hegter vriendskapsbande is weer eens gesmee," het mnr. Reinie Monster, plaaslike organiseerder van die Intervarsity, en voorsitter van die Sentrale Sportbestuur in 'n onderhoud gesê.**

Logies gesproke kon een man hierdie groot gebeurtenis nie gereël het nie. Derhalwe voel ek my verplig om in die eerste instansie weer eens van die geleentheid gebruik te maak om alle Kovsies, maar in besonder die plaaslike reëlingskomitee van die Vrystaatse Universiteit, hartlik te bedank vir al die opoffering en moeite wat hulle hulself getroos het.

**OWERHEDE**

Aan alle Pukke wat belas was met reëlings rakende die Intervarsity ook my hartlike dank. 'n Spesiale woord van dank aan die owerhede van die P.U. vir hulle toegeneentheid tot die saak.

Volgende jaar is dit U.K.O.V.S. se beurt om as gashere op te tree en ons sien daarna uit om Bloemfontein in 1966 te oorval.

„Vir oulaas dan: aan almal wat meegehelp het om vanjaar se Intervarsity suksesvol te laat verloop, hetsy as organiseerder, hetsy as deelnemer, hetsy as toeskouer, my hartlike dank en opregte waardering."

## Bloemfonteiners klop Pukke in manshokkie

Die eerste manshokkiespan van die Bloemfonteiners het vanoggend daarin geslaag om die Pukke op hulle tuisveld slae te gee. Hulle het met twee doele teen een gewen.

Onder die besoekers het R. Scott en A. Corrigan uitgeblink terwyl G. Kruger, P. Kempf en J. Jarvis goeie spel vir die tuisspan gelewer het. R. Scott het albei die Kovsies se doele aangeteken.

U het volop keuse in ons groot verskeidenheid
**Boeke vir Studie en vir Ontspanning**
**PRO REGE-PERS BPK.**
*„DIE POTCHEFSTROOMSE BOEKHANDEL"*
Kerkstraat 91-95 Telefoon 5236/4944
H/v. Tom en Borcherdstraat Telefoon 3431
POTCHEFSTROOM

# In U Lig

**Matth. 14: 26 — „En toe die dissipels Hom op die see sien loop, word hulle ontsteld en sê: Dit is 'n spook. En hulle het geskreeu van vrees."**

**'n Mens se oë bedreig jou dikwels, sodat 'n mens dinge sien wat gladnie so is nie of nie eers bestaan nie.**

Die dissiples se oë het hulle ook bedreig. Hulle skreeu van vrees dat hulle 'n spook sien, terwyl hulle nog nooit 'n spook gesien het nie, en dus nie weet hoe een lyk nie. Waarom is dit so?

Die dissipels was baie bang. In die geweldige storm op see, waarin Jesus hulle eintlik gedwing het, was hulle so beisg met die stryd om voortbestaan, so vasgevang in hulle worsteling met natuurmagte, dat hulle iets onnatuurliks nooit veerwag het nie. Toe hulle dus die gestalte oor die water in hulle rigting kus sê dat hulle hart verhard was, daarom het hulle dit nie begryp nie. Al waaraan hulle dit kon toeskryf, was aan 'n spook of gees — iets bonatuurliks.

Die sonde van die apostels was nie dat hulle in spoke geglo het nie. Dit is selfs baie onwaarskynlik. Maar dit gaan daarom dat hulle so min aan Christus gedink het dat hulle Hom selfs nie herken het toe Hy na hulle gekom het nie. Hulle het immers ook nie gebid toe die storm hulle oorval het nie. Hulle het skoon vergeet van die Here.

Gelukkig het die Here hulle nie vergeet nie, maar hulle kom red uit die nood, om sodoende hulle kleingeloof te openbaar, en sy liefde en bewaring duidelik te maak.

En nou moet ons ons verantwoordelikheid ook besef om nie so deurdronge te wees van al die gevare en bedreiginge wat op ons afstorm dat ons daardeur Christus uit die oog verloor en van Hom vergeet nie. Ons moet ons oë deeglik oop hou vir Hom in elke situasie waar ons ons in bevind, terwyl ons Intervarsity hou, studeer, terwyl ons met vriende of vriennine verkeer en terwyl ons ontspan. Hy kom soos 'n dief in die nag. Christus moet ons nooit onverwags betrap nie, want dan mag ons Hom dalk ook aansien vir 'n spook sodat groot vrees ons oorval.

Laat ons altyd, ook in die tyd van pret en plesier, in liefde Hom verwag, sodat ons Hom daedilk sal herken as Hy kom en sodat ons onsself in sy veilige arms sal werp in die wete dat alleen by ons Here Jesus Christus daar weerklik veiligheid is.



**Bande met België het by Maria Van Riebeeck begin!**

Die heeleerste dame om in Suid-Afrika te kom woon, was van Belgiese afkoms. Sy was Maria de Queillerie, vrou van Jan van Riebeeck. Haar ouers stam uit dié deel van Suid-Nederland wat eers in 1830 as België bekend geword het.

Ons bande met België strek dus oor drie eeue.

En deur die jare het Vlaams en Afrikaans die tweeling van die Dietse Taalgroep gebly. Ons verstaan mekaar . . . ondersteun mekaar. Werk kop in een mus saam op kultuurgebied. Ken mekaar. Daarom voel ons mense tuis in België, waar ons selfs sake in Afrikaans kan beklink.

Laat SABENA u onder sy vleuels neem en vertroetel. Sodra u 'n Sabena-Boeing binnestap, kan u met die lugwaardin Afrikaans praat. U voel tuis terwyl u in weelderige gerief reguit vlieg na Brussel – hart van die Euromark – waar winskanse op u wag. Of kuier rustig rond in Brugge, die antieke kultuurstad. En praat gerus oral Afrikaans. Sabena- snelvlugte na enige vastelandse hoofstad en Brittanje.

Of bly oor in wonderlike Spanje teen geen ekstra koste nie.

Gesels gerus met u reisagent oor Sabena.


SABENA IATA

BELGIESE *Wêreld*-LUGDIENS

Inter-kontinentale Boeing-stralers van een vasteland na 'n ander. Kontinentale Caravelle-stralers dwarsdeur Europa en die Midde-Ooste.

Grant 486-3

# Nie Verwag Nie Nê?




## Kovsies meester op Puk se eie tennisbaan

**DIE eerste mans- en damestennisspanne van die Vrystaatse Universiteit het die louere tydens intervarsity ingeoes toe hulle die Pukke oortuigend in beide afdelings met ses wedstryde teen drie verslaan het.**

Die wedstryde het groot belangstelling gelok en die toeskouers is deurgans op aanskoulike spel getrakteer.

Die Kovsies se nommer een speler, Q. Pretorius, 'n Vrystaatspeler, het Dawie Smith van die P.U. met pragtige kragtennis oormeester om 6-2, 6-0 te wen.


**VERSLAAN**

'n Ander bekende Pukspeler Piet Mitchell, het J. van Staden in 'n opwindende wedstryd verslaan.

Beide spelers het noukeurig en oordeelkundig gespeel maar Mitchell se sterker, aanvallende spel en volgehoue konsentrasie het in die derde stel die deurslag gegee.

In nog een van die wedstryde wat die Puk kon seevier, het Stella Venter haar teenstander met 4-6, 6-2, 6-1 geklop.

Die tweede en derde spanne van Ukovs het ook skoonskip gemaak. Eersgenoemde het met twaalf wedstryde teen ses gewen terwyl laasgenoemde die Pukke met sewe spelle teen twee in die stof laat byt het.



*Piet Mitchell was verantwoordelik vir een van die weinige oorwinnings wat die Puk in die enkelspelle behaal het.*

# KATAANHANGERS IN STOEI OORROMPEL

**Die Pukstoeispan het feitlik skoonskip van die eerste stoei-intervarsity op die Puk se mat teen die aanhangers van die Kat gemaak, toe hulle met nege gevegte teen twee gewen het.**

Die Puk se oorwinning was beslis geen gelukskoot nie. Van die nege gevegte het die Wes-Transvalers agt met valle gewen.

Volgens sommige van die toeskouers was die twee gevegte wat die Kovsies gewen het baie na aan gelykop beslissings en is een Kovsie ook gewaarsku vir negatiewe stoei.

Piet Goosen, die Puk se S.A.U.-ligswaarkampioen, het sy geveg met skittertnde en wetenskaplike stoei in twee minute vyftien sekondes gewen.

'n Groot aantal toeskouers is met stoei uit die boonste rakke vergas.

Die volledige uitslae is soos volg:

Die volgende Puk stoeiers het met valle gewen, Pukke eerste genoem:

| | |
|---|---|
| C. Smit | Gervis |
| T. van der Walt | Du Preez |
| J. Oosthuizen | Van Rooyen |
| F. Botha | Holtzhausen |
| D. Bosman | G. Fourie |
| P. Goosen | Haupfleis |
| L. Wolmarans | D. Fourie |
| C. Viljoen | Dippenaar |

J. Boshoff van Puk het met punte gewen teen P. Botha.

P. Konig en J. Viljoen het verloor met punte teen A. Burger en Du Preez.

## Ukovs skaakmat gesit deur P.U.-span

Die Puk se skaakspan het gisteraand daarin geslaag om die span van Ukovs naelskraap met tien punte teenoor agt te wen.

Die uitslag van die deel van die 25ste Intervarsity het tot op die laaste oomblikke in die weegskaal gebly.

Die nommer vier spelers het die deurslag gegee toe Floors Coetzee die Kovsie, J. Grobbelaar, na 'n spanende stryd verslaan het.

# Nie weer reggekry nie



*Die kat se snor is in 1961 laas getrek toe die Puk die Kovsies met 11-9 gewen het.*
*Vandag was dit amper weer so toe die Leeu van Wes-Transvaal teen alle verwagting in hard gebrul het.*
*Die foto het in die 1961-Intervarsityuitgawe van Die Wapad verskyn.*

## Dameshokkie in Vrystaters se guns beklink

In 'n baie sprankelende wedstryd het die Kovsiedameshokkiespan met 2 doele teenoor 1 oor die Puk geseëvier.

Die Kovsies het pragtige samespel gelewer en was gedurig op die aanval. Hoewel hulle sonder een van hul gereelde speelsters moes klaarkom, het die Kovsies hulle nogtans goed van hulle taak gekwyt.


**GEBREK**

By die Pukdames was daar 'n gebrek aan samespel. Die Pukke het nie behoorlik opgevolg nie, en moes as gevolg daarvan baie balle afgee.

Dit was 'n baie harde en aanskoulike wedstryd.

Die Kovsies se tweede span het met 3 doele teen 0 gewen in 'n redelike saai wedstryd aan die Puk se kant.

# Kataanhanger vasgevat



*Piet Goosen, weltergewigkampioen van die P.U. behaal na twee minute vyftien sekondes sy wenval tydens die stoeiwedstryd wat gisteraand in die Gimnastieksaal plaasgevind het.*

Cachet Modes

(EDMS.) BPK.

Tomstraat 92 Telefoon 5032
POTCHEFSTROOM

— Ons hou alles aan wat dames benodig: —

Van ditjies en datjies
en rokkies en frokkies,
Tot jassies en rokkies.

CASTLE LAGER
Geniet dit koud!




Dit verkwik • Dit bevredig • Dit beur op

Grant 5935 EA

# Kovsiemans en Pukdames in eerstespanwedstryde van tafeltennis baas

**....Die tafeltennisspanne van Ukovs het net soos hulle kollegas op die tennisbaan daarin geslaag om die Puk 'n goeie drag slae toe te dien. Hulle het met 43 teenoor 29 spelle gewen.**

In vergelyking met vorige botsings tussen die universiteite het die Puk egter die jaar heelwat beter gevaar.

Die eerste-mansspan van die Vrystaat het hulle wedstryde oortuigend gewen deur die



*P. van den Elshout van U.O.V.S. glimlag breed tydens die tafeltennistoernooi gisteraand. Die Kovsies het die Pukkies gisteraand met 43 wedstryde teen 29 geklop.*

Pukke met tien punte teenoor twee die loef af te steek.

P. Groenewald en A van Wyk eerstespanspelers van Ukovs was een te veel vir die Pukke en het hulle wedstryde redelik maklik gwen. Toppie Markgraaf en Pieter van der Walt kon elkeen een wedstryd teen die Kovsies wen.

Die Puk se dames kon hulle wedstryd met sewe-vyf wen. Die Pukkie, Bets Brits, het baie goed gespeel en nie een enkelspelwedstryd afgestaan nie.

Ukovs het ook die pyp teen die Pukke in die mans tweedespan-wedstryd gerook. Hulle het sewe-vyf gewen in wedstryde waarin dit spelers goed teen mekaar opgeweeg het..

Die derde mansspan van die Puk het daarin geslaag om die prentjie nie so donker te laat lyk nie toe hulle dit Vrystaters met tien wedstryde teenoor twee oorrompel het. Dawie Smith en P. Mitchell het goeie spel vir dit Puk gelewer en nie een enkelspel wedstryd afgestaan nie.



*Mejj. A. M. Gray, C. Joubert en P. Prinsloo uit Kovsieland geniet die tennis terdeë tydens gistermiddag se toernooi op die bane van die P.U. Hulle het ook rede om so vrolik te wees want die tennisspanne van U.O.V.S. het hulle baie deeglik van van hulle taak gekwyt deur al die Puk se spanne te klop.*

# P.U.-dames beklink korfbal in hulle guns met goeie en aanskoulike spel

**Die eerste korfbalspan van die Puk het daarin geslaag om in 'n vinnige en aanskoulike wedstryd die Kovsies met 28 doele teenoor 10 te wen.**


Die telling kan egter nie as 'n baie getroue weergawe van die wedstryd beskou word nie, aangesien die Kovsies in Vrystaat netbal speel en nie gewoond is aan die korfbalreëls nie. Hulle het hulle egter nie van stryk laat bring nie, en teen die tweede helfte goed begin vaar, toe hulle die Wes-Transvalers deeg-

Die Pukdames het ook in die tweede span wedstryd koning gekraai met vyftien doele teenoor agt. Ondanks goeie samespel tussen die Kovsies was dit duidelik dat hulle moeilikheid met die reëls ondervind het.

lik vasgevat het. Die Vrystaters moes sonder die diens van twee eerstespan speelsters klaarkom.




*Intervarsitykop! W. S. von Willich lyk heeltemal tevrede om in hierdie „toestand" in die openbaar te verskyn. Dit gebeur mos maar net*



*Adjudant-offisier J. Erwee van die S.A. Polisie verduidelik tydens die skynhof wat gisteraand in die Frans du Toitgebou tussen die aanklaers van U.O.V.S. en die verdedigers van die P.U. gehou is, dat Jan Abel Coetzee 'n openbare pad met ses doringdrade toegespan het.*

**Die Wapad word gedruk deur Enslins, Potchefstroom. Eienaars en uitgewers: Die S.R. van die P.U. vir C.H.O.**



*Met nog 'n Intervarsity agter die rug bly daar nog een iets oor waaraan sowel die Pukke as die Kovsies ywerig sal deelneem. Die soete herhinneringe aan 'n vreugdevolle hoogtepunt van die jaar sal menigeen nog lank bybly. Hier neem Ghibeau Gerber deel aan die „interuniversitêre nabetragting".*

# U.K.O.V.S. WEN DRIE VAN VOORMIDDAG SE RUGBYWEDSTRYDE

**In 'n harde en taai wedstryd het die Pukke se derde rugbyspan vanoggend teen die Kovsies verloor. Die eindtelling was ses (strafskoppe en 'n drie) teenoor drie ('n strafskop).**

Die besoekers se voorspelers het baie goed saamgespeel. In die agterlyn het vleuel Prinsloo met sterk lopies beindruk.

**KORT AFRONDING**

Die Pukke het weer eens die nodige afronding gekort. By twee geleenthede het drieë verlore gegaan toe Dok Briers slegs duime van die Kovsies se doellyn af gestuit is. Hy het mooi spel gelewer en goeie ondersteuning van Piet Mulder en Jaap Erasmus gekry.

'n Ietwat verswakte Puk-vierde span het 'n goeie drag slae op die lyf geloop toe hulle met 19-3 oorrompel is. Die Kovsies het sonder twyfel die beste span op die veld gehad.

**SAAMGEJAG**

Die P.U. se vyfde span het die bordjies egter verhang en deurgaans mooi saamgejag. Hulle het as oorwinnaars met 14-6 van die veld gestap.

Kat se kind het egter duidelik getoon dat hulle vanjaar sommer uithaler rugby speel toe hulle sesdes met 13-3 van die Leeus " ontslae geraak het."

# Puk se langasems oorheers die landloop

**Die Intervarsity-landloop is vanmiddag deur 'n Puk, G. Muldner, gewen. Tweede was Kobus Jooste ook van die Puk en derde H. Lombard van Ukovs.**

„VLEISPASTEI en TAMATIESOUS asseblief . . ."

Turkstra

TE KRY BY U KAFETERIA

I. GLASER
— JUWELIER —
VERLOOFRINGE:
AFSLAG
vir studente!!
Kerkstraat 187 Tel. 3622

BESOEK ONS VIR VRIENDELIKE DIENS EN MEUBELS VAN GEHALTE

TRANSVALIA MEUBELS

Tel. 2157 Kerkstraat 180

POTCHEFSTROOM

„ONS MEUBELS WORD ERFSTUKKE"